Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 154/02

Datum verhoor: 2004-05-17

Datum gelewer: 2004-05-21

In die appél van:

**THI (EDMS) BPK** **EERSTE APPELLANT**

**TH HERBERT** **TWEEDE APPELLANT**

*versus*

**HPS VAN ZYL** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* WILLIAMS R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Op 15 Julie 1997 het daar 'n botsing plaasgevind tussen 'n voertuig bestuur deur die Tweede Appellant en 'n insleepvoertuig, die eiendom van en onder beheer van die Respondent. Gemelde botsing het plaasgevind op die N1-hoofweg tussen Beaufort-Wes en Drie Susters. Uit hoofde van die voormelde ongeluk het die Eerste Appellant aksie ingestel vir skadevergoeding teen die Respondent en het die Respondent, nadat sekere feite bekend geword het aangaande die identiteit van die bestuurder van Eerste Appellant se voertuig, die Tweede Appellant gevoeg as Tweede Verweerder in die aksie. Doelmatigheidshalwe sal na die partye verwys word hierin soos hulle was tydens die verhoor *a quo* d.w.s. na Eerste Appellant as Eiser, na Tweede Appellant as Tweede

Verweerder en na Respondent as Eerste Verweerder.

2. Die Eerste Verweerder het 'n teeneis ingestel teen die Eiser vir skade deur hom gely a.g.v. dieselfde botsing en op grond van die beweerde nalatigheid van die Tweede Verweerder.

3. Die Landdros, het nadat hy getuienis aangehoor het, bevind dat die botsing veroorsaak is deur die Tweede Verweerder se nalatigheid en het gevolglik vonnis verleen ten gunste van die Eiser teen die Tweede Verweerder (alhoewel dit nooit so geëis is nie) en het die Landdros ook vonnis verleen ten gunste van die Eerste Verweerder, oënskynlik teen die Eiser. Wat koste aanbetref, het die Landdros gelas dat koste aan die Eiser en Eerste Verweerder toegeken word en dat die koste van die uitstel op 26 Maart 2001 sowel as koste van die wysiging as

koste in die geding toegestaan word. Hy het ook gelas dat die onderskeie prokureurs se reiskoste deel sal vorm van die gedingskoste. Die Eiser en Tweede Verweerder kom nou in hoër beroep teen die voormelde uitspraak en bevele van die Landdros.

4. Die gebeure wat aanleiding gegee het tot die voormelde botsing, kan bondig as volg opgesom word.

4.1 Op die voormelde datum is die Eerste Verweerder, wat te alle tersaaklike tye 'n insleepdiens van swaarvoertuie te Victoria-Wes bedryf het, uitgeroep na 'n ongelukstoneel op die N1-hoofpad tussen Beaufort-Wes en Drie Susters waar hy omstreeks tussen halfvyf en vyfuur die namiddag opgedaag het. By sy aankoms het dit geblyk dat 'n swaarvoertuig, bestaande uit 'n voorhaker en leunwaens, op sy sy

gelÍ het langs die pad. Daar is foto's tydens die verhoor ingedien waaruit hierdie feit blyk.

4.2 Die Eerste Verweerder het 'n verkeersbeampte van Beaufort-Wes wat in die omgewing gepatrolleer het se hulp ingeroep, ten einde hom by te staan met die herwinning van die omgeslane voertuig. Hierdie verkeersbeampte, Mnr. Jakob Marais, het ook tydens die verhoor getuig en sy weergawe stem in breë trekke wesenlik ooreen met dié van die Eerste Verweerder.

4.3 Een baan van die N1-hoofweg vir verkeer vanaf Beaufort-Wes na Drie Susters is vir verkeer gesluit en die ander teenoorgestelde baan vir verkeer vanaf Drie Susters na Beaufort-Wes was oop, maar wanneer daar kabels oor die pad gespan was wat gebruik was deur die Eerste Verweerder in sy herwinningsoperasie, dan was dit toegemaak. Die verkeer is dan gevolglik beurtelings deurgelaat deur die verkeersbeampte, Mnr. Marais.

4.4 Volgens dié twee getuies, die Eerste Verweerder en Mnr. Marais, wat beide in die Eerste Verweerder se saak getuig het voor die Landdros, is die volgende beligting en waarskuwingstekens op die toneel aangebring en gebruik:

a) Die verkeersbeampte het 'n flitslig in sy hand

gehad en het ook ‘n reflekterende glimbaadjie aangehad;

b) Die insleepvoertuig van die Eerste Verweerder se geel roterende ligte op die kap was aan en daar was ook geel merkers langs die kant van die insleepvoertuig;

c) Daar was kegels op die toneel gepak (die presiese getal is nie duidelik uit die getuienis nie), waarvan een ‘n lig bo-op gehad het;

d) Die verkeersbeampte se voertuig, wat op sy weergawe vóór die insleepvoertuig van die Eerste Verweerder geparkeer was op ‘n wyse dat dit duidelik sigbaar sou wees aan verkeer van beide kante, se roterende blou ligte was ook aangeskakel gewees.

4.5 Die Eerste Verweerder het getuig dat hy homself beskou as ‘n deskundige op die gebied van ongeluksituasies, aangesien hy opleiding daarin

ontvang het en hy 'n instrukteur was wat bestuurders opgelei het in ongeluksituasies. Hy het die mening uitgespreek dat daar genoegsame voorsorgmaatreëls getref was ten einde die toneel te beveilig vir aankomende motoriste.

4.6 Die verkeersbeampte, Mnr. Marais, het die voormelde opinie van die Eerste Verweerder ten aansien van die beveiliging van die ongelukstoneel gedeel en was hy ook die mening toegedaan dat daar niks verdere voorsorgmaatreëls met die middele tot sy beskikking op daardie stadium getref kon word ten einde die toneel te beveilig nie.

4.7 Die Tweede Verweerder wat, soos alreeds aangedui is hierin, die bestuurder was van die voertuig van die Eiser, was oppad vanaf Saldanha na Gauteng met 'n bakkie wat swaar gelaai was met masjinerie. Hy was vergesel deur ene John Stander. Dit blyk uit die getuienis van beide Tweede Verweerder en Stander wat namens die Eiser getuig het, dat hulle om die beurt bestuur het. Stander het klaarblyklik bestuur tot op Beaufort-Wes waar hulle 'n ete genuttig het en daarna het die Tweede Verweerder die bestuur van die voertuig

oorgeneem.

4.8 Beide hierdie getuies getuig dat hulle die roterende amber lig van die insleepvoertuig van die Eerste Verweerder waargeneem het toe hulle die toneel van die ongeluk genader het. Alhoewel die Tweede Verweerder in sy getuienis te kenne gegee het dat Stander aan die slaap was op dié stadium, het Stander dit ontken en getuig hy ook oor wat hy waargeneem het net voor die ongeluk.

4.9 Volgens die Tweede Verweerder se weergawe het hy dié roterende amber lig van die insleepvoertuig heel links van die pad af gesien, m.a.w. dit was nie op die ryvlak nie. Hy het glad nie die herwinne swaar voertuig gesien nie en was van mening dat dit bloot 'n insleepvoertuig was wat heeltemal weg van die pad getrek was. Hy het aangehou ry en skielik opgemerk dat dié insleepvoertuig reg in sy ryvlak geparkeer is. Hy het weggeswaai en gerem ten einde die voertuig te probeer vermy, maar hy het toe vasgery in die insleepkabels wat gelÍ het vanaf die insleepvoertuig na die herwinne voertuig. Dit het veroorsaak dat sy eie voertuig omgeslaan het en het die slag ook die insleepvoertuig omgeruk. Volgens die Tweede Verweerder het hy glad nie die verkeersbeampte, Marais, of sy voertuig voor die ongeluk gesien nie. Hy het eers die roterende ligte van die verkeersbeampte se voertuig ná die

ongeluk waargeneem.

4.10 Stander bevestig in breë trekke hierdie weergawe van die Tweede Verweerder, naamlik dat hy ook die roterende amber ligte opgemerk het heel links aan die kant van die pad. Volgens Stander was daar geen obstruksie in hulle ryvlak nie. Daar was geen rede vir die Tweede Verweerder om spoed te verminder nie en het hy ook geen ander ligte gesien nie. Op 'n baie laat stadium het hy die voertuig voor hulle in die pad waargeneem, te wete die insleepvoertuig van die Eerste Verweerder en het die Tweede Verweerder se pogings om die voertuig te vermy nie geslaag nie en het hulle eie voertuig omgeslaan. Hy bevestig ook dat die slag van die botsing die insleepvoertuig omgeruk het. Soos die Tweede Verweerder ontken hy ook die aanwesigheid van enige ander waarskuwingsligte op die toneel.

5. Die enigste geskilpunt tydens die verhoor van die aksie was, welke een van die Eerste Verweerder of die Tweede Verweerder se nalatigheid die ongeluk veroorsaak het en indien beide nalatig was, die graad van elkeen se nalatigheid.

6. Uit die opsomming van die getuienis soos voormeld blyk dit duidelik dat daar voor die Landdros twee botsende weergawes was wat elk onbestaanbaar met die ander is. Die benadering wat 'n hof in so 'n geval moet volg is as volg neergelÍ in die **Stellenbosch Farmers' Winery Group Ltd and another *v* Martell Et Cie and others** 2003(1) SA11 (SCA) te 14 I-15E (par. 5).

"On the central issue, as to what the parties actually decided, there are two irreconcilable versions. So, too, on a number of peripheral areas of dispute which may have a bearing on the probabilities. The technique generally employed by courts in resolving factual disputes of this nature may conveniently be summarised as follows. To come to a conclusion on the disputed issues a court must make findings on (a) the credibility of the various factual witnesses; (b) their reliability; and (c) the probabilities. As to (a), the court's finding on the credibility of a particular witness

will depend on its impression about the veracity of the witness. That in turn will depend on a variety of subsidiary factors, not necessarily in order of importance, such as (i) the witness' candour and demeanour in the witness-box, (ii) his bias, latent and blatant, (iii) internal contradictions

in his evidence, (iv) external contradictions with what was pleaded or put on his behalf, or with established fact or with his own extracurial statements or actions, (v) the probability or improbability of particular aspects of his version, (vi) the calibre and cogency of his performance compared to that of other witnesses testifying about the same incident or events. As to (b), a witness' reliability will depend, apart from the factors mentioned under (a)(ii), (iv) and (v) above, on (i) the opportunities he had to experience or observe the event in question and (ii) the quality, integrity and independence of his recall thereof. As to (c), this necessitates an analysis and evaluation of the probability or improbability of each party's version on each of the disputed issues. In the light of its assessment of (a), (b) and (c) the court will then, as a final step, determine whether the party burdened with the onus of proof has succeeded in discharging it. The hard case, which will doubtless be the rare one, occurs when a court's credibility findings compel it in one direction and its evaluation of the general probabilities in another. The more convincing the former, the less convincing will be the latter. But when all factors are equipoised probabilities prevail."

7. In hierdie appél voor ons het die Landdros hoegenaamd geen geloofwaardigheidsbevindinge ten aansien van enige van die getuies voor hom gemaak nie. Hy het ook geen uitdruklike bevindinge gemaak ten aansien van die betroubaarheid van die onderskeie getuies se

waarnemings nie. Die noodwendige afleiding staan egter vas dat die Landdros, soos blyk uit sy redes in terme van Landdroshofreël 51 se voorskrifte, die weergawe soos voorgehou deur die Eerste Verweerder en Marais aanvaar het en dié van Tweede Verweerder en Stander verwerp het. Die vraag is nou: *Was die Landdros verkeerd in hierdie benadering?*

8. Wat veral opvallend is is die volgende aspekte:

a) Nóg die Tweede Verweerder, nóg sy passassier, Stander, ontken dat daar absoluut geen ligte op die toneel was nie. Inteendeel, hulle getuienis is baie duidelik dat daar ten minste een lig, te wete 'n roterende amber lig sigbaar was op die toneel. Dié twee getuies het, vreemd genoeg, ontken dat só 'n roterende amber lig enige bestuurder op sy hoede

moes plaas en hom moes noop om van spoed te verminder.

b) ‘n Ander belangrike aspek is die feit dat op beide die Tweede Verweerder en Stander se weergawes, die Tweede Verweerder nooit die snelheid van die voertuig wat hy bestuur het verminder het nadat hy die amber roterende lig langs die pad opgemerk het nie. Hierdie getuienis strook met dié van Eerste Verweerder en veral dié van die verkeersbeampte Marais, wat aangedui het dat volgens die dreun van die aankomende voertuig dit nooit sy snelheid verminder het en dat hy gevolglik uit die pad moes spring toe dit duidelik geblyk het dat die voertuig nie gaan stop by die toneel nie.

9. Die ongeluk het naby aan die afdraai na Drie Susters plaasgevind ( dit was inteendeel sigbaar op die foto’s wat as bewysstukke by die verhoorhof ingehandig is), waar ‘n snelheidsperksone van 80 km/h van toepassing was. Die Tweede Verweerder self het beweer dat hy teen ongeveer 120 km/h gery het kort voordat die ongeluk plaasgevind het. Hierdie getuienis strook weereens met dié van

verkeersbeampe Marais wat aangevoer het dat hy afgelei het uit die dreuning van die voertuig dat die voertuig tussen 110 en 130 km/h moes reis. (Alleenstaande sou hierdie getuienis nie veel gewig gedra het nie, maar soos ek aangedui het, word dit inderdaad ondersteun deur die Tweede Verweerder self). Alhoewel daar halfhartig gepoog was om aan te dui dat getuienis aangaande die 80 km/h snelheidsperk waar die ongeluk plaasgevind het, nie korrek is nie, is dit nooit betwis nie en is geen getuienis tot die teendeel gelei nie. Uit die foto's blyk dit duidelik dat die afdraai van Drie Susters nie baie ver van die ongelukstoneel was nie. Uit waarskynlikhede kan 'n mens dus aanvaar dat daar inderdaad 'n snelheidsperk van 80 km/h was.

10. 'n Verdere belangrike aspek wat die waarskynlikhede laat oorhel na die Eerste

Verweerder se saak, na my mening, is die feit dat beide die Eerste Verweerder en die verkeersbeampte Marais getuig het daar ongeveer 30 tot 40 voertuie van albei kante suksesvol en veilig deurgelaat is voor die ongeluk plaasgevind het. Hierdie aspek is glad nie betwis in kruisondervraging nie. Ek kan my kwalik voorstel dat so 'n gevaarlike toneel nie beveilig sou gewees het soos wat die Eerste Verweerder en Marais getuig het nie.

11. Mnr. Van Niekerk, wat namens die Eiser en Tweede Verweerder voor ons verskyn het, kon nie enige basis aanvoer waarom met die Landdros se benadering t.a.v. welke weergawe op die waarskynlikhede te verkies is, ingemeng behoort te word nie. Hy het bloot verwys na die feit dat dit heeltemal onwaarskynlik is dat die Tweede Verweerder sou voortry teen dieselfde snelheid, ten spyte

van al die waarskuwingsligte op die toneel. Die Tweede Verweerder het in sy getuienis toegegee dat hy hom vergis het ten aansien van die korrekte posisie van die amber roterende ligte wat hy gesien het – dÌt het hy eers *ex post facto* besef. Na my mening gaan sy vergissing heelwat verder – hy het hom nie slegs ook vergis dat sy passassier (Stander) aan die slaap was nie, maar was nie eers bewus van 'n 80 km/h snelheidsperk in daardie omgewing nie. Hy was na my mening baie duidelik nalatig.

12. Mnr. Van Niekerk het ons verwys na 'n aantal gewysdes tot dien effekte dat 'n blote oordeelsfout nie nalatigheid daarstel nie.

Sien: **South African Railways v Symmington** 1935 AD 37 op 45.

**Young v Workmen's Compensation Commissioner & Another** 1998(3) SA 1085 (T) op 1096.
**Rodriques v SA Mutual & General Insurance Co.** 1981(2) SA 274 (AD) op 281 A.

Hierdie beslissings handel egter met noodsituasies (*"sudden emergencies")* en is ontersaaklik in die onderhawige geval. Hier kan hoegenaamd nie sprake wees van 'n noodsituasie nie. Die toneel was duidelik afgebaken en 'n hele aantal waarskuwingsligte was in gebruik om aankomende motoriste te waarsku.

13. Die Landdros was na my mening heeltemal korrek in sy aanvaarding van die Eerste Verweerder en Marais se weergawe en in sy verwerping van die Tweede Verweerder en Stander s'n. Mnr. Van Niekerk het tereg toegegee dat só 'n bevinding noodwendig daartoe moet lei dat die appél afgewys moet word. Die Landdros se bevel moet egter gekorrigeer word, soos ek van

voorneme is om te doen. Daar is 'n redelike verduideliking verskaf vir die laat voortsetting van die appél en behoort die Appellante se versuim in dié verband gekondoneer te word. Die Respondent het dan ook, heeltemal tereg, nie die aansoek bestry nie.

14. Ek reik die volgende bevel uit:

**A. Die Appellante se laat voortsetting van die appél word gekondoneer en die tydperk vir die voortsetting van die appél soos vereis in Landdroshofreël 50(1) word verleng na 31 Desember 2002 en dit word geag dat die Appellante die appél voortgesit het ingevolge Landdroshofreël 50(1).**

**B. Die appél word afgewys met koste.**

---

**C.** **Die Landdros se bevel word duidelikheidshalwe as volg gekorrigeer: "Die Eiser se eis word met koste afgewys. Die Eerste Verweerderse teeneis teen die Eiser in die bedrag van R63 825.70 slaag met koste, welke koste sal insluit die koste van die uitstel op 26 Maart 2001, die koste van die wysiging sowel as die prokureurse reiskoste".**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

______________

**CC WILLIAMS**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | ADV JG VAN NIEKERK SC |
| NAMENS RESPONDENT | : | ADV J SCHREUDER |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2004-05-17 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2004-05-21 |